
DIE SWART LUIPERD
No. 20.
Waar die
Dooies Leef.
braam le roux

Ineens kyk al die huilende Ape op.

Bokant die gedruis van die waterval klink daar skielik 'n ander gedreun op. Perold kyk omhoog. . Hy sluk sy asem terug.

Bokant die toppe van die bome kom 'n ding aangevlieg. Toe dit reg bokant hulle is, sien Perold dat dit 'n helikopter is. Hy sien dadelik ook 'n figuur in rooi drag agter die stuurstang.

Dan skielik begin die helikopter sak. Soos 'n reuse muskiet daal dit reg op die eiland af op die kant van die rots waaroor die water bulder.

„Die Arend!" skree die huilende Ape ineens.

Stofomslag: Chris du Plooy.

# DIE SWART LUIPERD




No. 20.
Waar die
Dooies Leef.

braam le roux

INHOUD

Hoofstuk .......................................Bladsy

1. Goud in die Graf ....................................3

2. Koms van die Arend ...............................12

3. Waar die Dooies Leef ..............................21

4. Die Grafte glinster ................................31

5. Die Arend lê Goue Eiers ...........................40

6. Hartklop van die Nag ...............................49

7. By die hol Boomstam ...............................58

8. Modder en Bloed ...................................67

9. Mensvleis vir Ete ..................................76

10. Einde van die Ape .................................85



## GOUD IN DIE GRAF

'n Drukkende stilte heers oor die ganse oerwoud-landskap. Die son het, reeds vergete, vuurrooi in die weste weggeduik. Daar trek geen luggie nie. Dit is bedompig warm. Die takke hang swaar van die reuse-bome neer en die rivier kronkel lui tussen die groen woude deur. Dit is asof selfs die roofdiere te afgemat en moeg is om te gaan jag. Die meeste lê nog in hulle dagskuiling en luister na die stilte wat iets soos 'n gedruis in hulle ore is.

Die dag wat verby is, was drukkend, een van daardie snikhete dae wat die laaste bietjie lewensap uit mens en dier bak.

Daar is triljoene vonkelende sterre in die hemelruim, maar hulle werp nie genoeg lig na die aarde toe af om die ergste duisternis, wat geheimsinnig en stil onder die boomreuse skuil, te kan verjaag nie.

Tussen die digte woud deur kronkel 'n eensame wildspaadjie. In daardie paadjie beweeg 'n skaduwee stil vorentoe. Dit is geen gestalte nie, maar 'n vormlose swart massa wat aansweef deur die lower sonder om 'n geraas te maak, sonder om die blare van die bome waarlangs dit verbygaan, in beweging te bring.

Dit is geen roofdier nie, ook nie 'n wildsbok nie, want daarvoor is die skaduweeagtige massa te hoog van die grond af. Dit beweeg reg op 'n groot rots af wat tussen die bosse verskuil lê en wag hou oor 'n stroompie helder water wat stilweg verbyfloei na die rivier toe.

Die skaduwee beweeg tussen die bome uit, sweef tot in die middel van 'n oop kol tussen die lower, waar dit gaan staan, en dan neem daardie vlek skielik gestalte aan—dit word die gedaante van 'n mens wat nou sy kop oplig en na die sterre kyk, lank, aandagtig, asof hy krag uit daadie rigting wil put.

Dit vertoef daar in die oop kol, en dan kom die eerste geluid wat die stilte versteur. . . 'n kortaf kreun en dan die vinnige asemhaling van die mens. Die kop en die vorm van die res van die liggaam is nou vaag sigbaar, maar dit bly origens nog slegs een donker massa. Die hele mensegestalte wat daar staan, is pikswart, soos die grynsende skaduwees in die bos agter hom. Die hande hang slap langs die sye, en as daar weer beweging kom, kom die geluide van slepende voetstappe en weer 'n diep kreun. 'n Tree word gevorder

en dan gaan staan die figuur weer, waggelend, onseker of dit weer vooruit moet beur.

Skielik stort die liggaam teen die grond neer, en die plofgeluid klink onnatuurlik hard in die stil bos. Ineens is daar geluide in die gitswarte duisternis agter die figuur wat nou roerloos in die dowwe paadjie lê. Baie skaduwees bondel tussen die bosse uit, en daar is ineens ook die gekraak van takke en benoude tjankgeluidjies. Meer as 'n dosyn wildehonde storm op die beweginglose bondel af, blaf dan oorverdowend as hulle digby kom en val oor mekaar om die prooi eerste te bereik. Maar toe die voorste 'n armlengte van die gestalte op die grond is, steek hy vas en bring die res van die bondel agter hom tot stilstand. Die figuur het weer beweeg, en hierdie wildehonde is nooit geneë om iets by te dam wat nog soveel lewe in hom het nie.

Krampagtig word 'n hand uitgestrek na 'n stuk hout langs die paadjie. Dan word dit skielik opgetel en met 'n laaste kragsinspanning na die wildehonde gegooi. Tjankgeluide volg en die donker gestaltes van honger honde retireer vinnig.

Die figuur sukkel weer steunend orent, kom weer waggelend op sy voete en strompel voort. Dit lyk asof hy enige oomblik later weer tussen die diep skaduwees in, gryp na die takke om te verhoed dat hy neerstort. Met hortende asemhaling beur hy voort, en dit lyk asof hy mik om by daardie groot rots voor hom uit te kom. Maar voordat hy dit kan bereik, stort hy weer neer. Hierdie keer is daar weer geen beweging in die liggaam nie. Sy hande is onnatuurlik onder hom ingevou, en sy gsig lê in die grond.

Honger en bloedlustig storm die wildehonde weer vorentoe uit die duisternis wat hulle netnou so vinnig opgeslurp het. Hierdie keer spring die voorste deur die lug en land grommend op die figuur se rug.

Maar skielik is daar 'n geraas van blare voor die honde. Iets storm op hulle af en dan volg 'n eienaardige singende geluid, net soos die voorslag van 'n sweep wat vinnig deur die lug geswaai word. Die wildehonde val weer oormekaar om betyds weg te kom, maar een groot hond keer langs die roerlose figuur in die wildspaadjie om.

Die takke raas weer en 'n bonkige gestalte kom uit die bosse langs die groot rots uitgestap. Hy beweeg vlugtig, seker. Hy steek by die roerlose bondel vas, buk en ruk 'n pyl uit die bors van die





wildehond, vee die punt daarvan teen die ruwe stam van 'n boom af en steek dit vinnig terug in 'n koker wat agter sy rug hang. Dan vat hy die nog stuiptrekkende hond aan die agterbeen en slinger die dier tussen die bosse in. Hy gaan kniel by die roerlose figuur, draai hom om op sy rug en lê dan sy hande op sy hart.

Saggies, asof hy 'n baba hanteer, druk hy albei sy hande onder die gestalte in en staan dan met hom op. Versigtig stap hy na die rots en lê die bewustelose figuur langs die stroompie neer. Hy skep water met sy hande op en gooi dit oor die bewustelose se gesig. Die persoon begin kreun en maak dan stadig sy oë oop, maar hy kan niks voor hom sien nie. Alles is net een donker vlek. Sy weldoener skep weer water met sy hand, en hierdie keer hou hy dit voor die moeë man se lippe. Daar word gulsig gedrink.

Nou neem die gesig van sy weldoener vorm aan. Dit is 'n swart gesig, en toe hy sy oë op skrefies trek om beter te kan sien, sien hy die kop van 'n dier, van 'n luiperd, voor hom. Dit is egter mensehande wat die water aan hom gee en wat die ander hand onder hom in het.

,,Wat soek jy hier in die nag, Daka?'' vra die diergesig skielik in 'n hol maar strelende stem en in sy tongval, die taal van die Rivier-Indiane.

Die man wat netnou byna deur die wildehonde verslind is, kom stadig orent. Dan kom hy teenaan sy weldoener staan en betas die swart mondering wat hy aan het.

,,O Tier van die Bosse, hoe bly is Daka dat hy jou teengekom het. Ek het geweet dit moet 'n groot gees wees wat die wildehonde van my ou vleis weggehou het, maar ek het nie kon droom dat dit jy is nie, Tierman. Vir altyd lewe die Luiperdman! Net soos die son en die maan sal hy nooit sterf nie.''

,Ek het jou gevra wat jy hier in die bos in die nag soek, Daka. Weet jy nie dat die bos vol jaguars en poemas is nie, om nie te praat van wildehonde nie. Wil jy dan graag doodgaan, Daka?'' praat die Luiperdman, Leon Fouché, weer sag.

,,Doodgaan, Tierman? ek het gewens dat ek al dood was. Daar het verskriklike dinge in Inkos gebeur, Gees van die Bosse. Die rivierstamme het almal teen ons Jivaro's opgestaan, en dé wat hulle nie met die strydpyle en spiese doodgemaak het nie, het gevlug of het in die stroom omgekom. Die Rivier-Indiane het ons vrouens en ons jongmense ontvoer. Al die priesters van die tempel

van Ra is vermoor. Dit is nog net ek, Daka, wat oorbly. Ek het sommer gevlug—in die rigting waar die witmense woon. En hier in die bos is ek, moeg van honger en dors, byna deur die honde opgevreet. Maar die Tierman was hier en ek lewe nou om die Tierman van die lot van die Jivaro's te vertel.''

Die Swart Luiperd strek hom in volle lengte uit en leun ná 'n oomblik teen 'n skurwe stam aan. Oorkant die stroompie water lê sy twee gespikkelde katte, Simson en Spikkels, met hulle groot koppe op hulle voorpote, terwyl hulle wantrouig na die vreemdeling daar by hulle tweebeenmaat lê en gluur. Net langs die rots staan die taai, gesoute ryperd, Donker. Al drie die Luiperdman se diermaats is bewus daarvan dat 'n hulpelose Jivaro uit die donker bosse te voorskyn gestrompel het en byna deur die wildehonde opgevreet is. Leon Fouché, hulle gemaskerde maat, het hier langs hulle gelê en slaap, toe die geluide van slepende voetstappe hulle van hulle aangename drome beroof het.

,,Waar die stad Inkos was, Tierman, is daar nou net asse en die oorblyfsels van ons manne en vroue wat deur die rivierstamme afgemaai is. Dit is nog net hulle bleek bene wat daar lê, want die aasvoëls het die vleis al weggevreet. Inkos is verwoes, Tierman. Selfs die wolwe is bang om snags daar te gaan aas. Ra, ons voorvaderlike god, het sy aangesig van ons af weggewend, Tierman. Daka is nog die enigste priester wat oorbly. Die hele tempel is uitgemoor. Ek kan ook nou maar sterf, Tierman, maar voordat ek sterf, moet ek, volgens godsdienstige bepalings, die geheim van die Inkas aan 'n priester van 'n jonger geslag toevertrou, en daar is niemand nie, Tierman. Ek vrees saam met my sal ook die aloue geheim van die Inka-skat sterf. En dit mag eintlik nie gebeur nie.''

Daka se stem is swak en hy moet telkens weens uitputting rus. Hy vly hom nou weer langs die stroompie neer en drink lang teue van die helder water in.

Die Swart Luiperd staan nog teen die boomstam aangeleun. Hy dink aan Inkos, die stad tussen die bosse op die hoogtetjie, heiligdom van die Jivaro's al die jare, die Jivaro's wat hulleself as die afstammelinge van die groot Rooihuidvolk van ouds, die Inkas, beskou. Hy dink aan die honderde beelde uit goud wat hy self in die tempel van Inkos gaan sien het. Daardie goudbeelde was duisende rande werd, en meer as een avontuursoeker het met gulsige en begerende oë na daardie goud in die tempel gekyk. Baie het hulle





lewens verloor in 'n poging om dit in die hande te kry. Leon se gedagtes gaan weer terug na 'n jaar gelede toe die Jivaro-volk deur Sabakar verlei is om die Songod, Ra, vaarwel toe te roep en die Vuurgod, Ramana, te aanbid. Hierdie Sabakar het hom netjies vermom as 'n geraamte. In die nagte het sy swart klere waarop 'n perfekte geraamte geskilder is, geskitter en geskyn. Die skilderwerk op die mondering is met fosfor gedoen. Dit was 'n oulike set om die Jivaro's in sy mag te kry en hulle stadig van hulle skatte in die tempel te beroof. Maar Sabakar was later verantwoordelik vir die grusame moord op professor Ignatius Malan, getroue vriend van die Luiperdman, en dit het die Luiperdman op Sabakar se spoor gebring. Sabakar het betyds ontvlug, maar sover die Swart Luiperd kon vasstel, het hy nie een stukkie goud saam met hom weggeneem nie. Hy het wel geleentheid gekry om goud uit die tempel te steel en weg te bêre, maar ná sy haastige ontvlugting het die Jivaro-priesters dit in sy hut ontdek en na die tempel teruggebring.

,,Daka, en wat het van die skat in die tempel geword? Is dit gesteel?''

Daka staan haastig op. Sy lippe is klam van die water, sy lang steil hare hang effens oor sy oë.

,,Nee, Tierman, hulle het die skat nie gekry nie. Voor die groot aanval het ons priesters die beelde en goud na die heilige grafte van die Inkas in die berge geneem, daar waar ander skatte deur die eeue begrawe is, en waarvan alleen drie uitgesoekte priesters die geheim weet. Dit was al die eeue 'n tradisie by ons om die geheim van geslag tot geslag oor te dra. Niemand behalwe drie uitgesoekte priesters van Inkos weet waar die Grafte van die Heiliges is. Twee van daardie priesters is reeds dood, en Daka is die enigste wat nog oorbly, maar ek weet nie aan wie ek die geheim moet toevertrou nie. Toe ons die goud in die tempel na die Heilige Graftes toe gedra het, was dit net ons drie priesters en tien draers. Maar by ons terugkeer het die hoofpriester opdrag gegee dat die tien draers deur die soldate vermoor word om hulle vir ewig die swye op te lê. Dit is van eeu tot eeu die gebruik onder die Jivaro's.''

Daka hyg hard na asem en gaan sit weer, uitgeput en siek.

,,Slaap tot môre, Daka. Dan sal ek jou na die sendingstasie toe neem, veertig kilometer van hier af. Hulle sal jou versorg.''

Daka begin hard snik.

,,Daka is bang hy gaan saam met die geheim dood, Tierman. En dit mag nie gebeur nie!''

,,By die sendingstasie sal jy weer van jou mense ontmoet, Daka.''

,,Maar hulle is nie priesters nie, Tierman. Die geheim kan nie aan hulle toevertrou word nie.''

,,Wel, dan moet die geheim maar saam met jou sterf, Daka,'' merk die Luiperdman op en vly hom langs sy tiers neer. ,,Dit sal beter so wees, Daka, want die skatte van Inkos het al baie bloedvergieting veroorsaak. Duisende mense is al vermoor omdat hulle die goud in jul tempel gesien glinster het. Een van my broers, die wyse man van my land, Suid-Afrika, is hier in die Suid-Amerikaanse bosse deur mal Jivaro's vermoor omdat hy saam was met diegene wie se kele gefluit het van dors na goud.''

,,Dit was nie die Jivaro's nie, Tierman. Die Jivaro's was deur Sabakar, die vreemde gees, getoor, en dit was jy, Tierman, wat hom die aand uitgejaag het. Hy het met die groot voël in die wolke verdwyn.''

,,En hy kom dalk met die groot voël weer terug!''

Daar is 'n rukkie stilte. Die eienaardige roerloosheid omsluit alles soos 'n wolk. Die oerwoud wat wemel van gevaarlike gediertes, kan hier intens stil word, byna doods, maar dan is die donker bosse op hul gevaarlikste.

,,Tierman,'' verbreek Daka weer die stilte. ,,Ek dink ek moet die geheim van die Heilige Grafte aan jou toevertrou. Jy was nog altyd 'n vriend van die Jivaro's. Jy is waardig om hierdie geheim te bewaar en aan 'n waardige priester oor te dra indien die Tierman hom ooit teenkom.''

Die Luiperdman kom orent. Hy kan sy ore byna nie glo nie.

,,Dan vrees ek, Daka, dat die geheim van Inkos se skatte nooit sal uitlek nie, want ek vertrou geen mens nie, selfs nie waardige priesters wat ek moontlik sal teenkom nie.''

,,Hoe nader die Tierman die geheim aan sy hart bewaar, hoe beter, maar voordat jy doodgaan, Tierman, moet jy die geheim aan 'n vertroubare persoon verklap, 'n Jivaro wat die naam werd is.''

,,Nee, ek wil die geheim van Inkos nie weet nie. Die Jivaro's is feitlik uitgemoor. Laat die skat maar gerus vergete lê by die Heilige Grafte, Daka.''

Daka het die slaap wat hom netnou amper oorval het, vergeet.





Hy staan weer op, spring oor die stroompie water en kom vlak voor die Luiperdman staan.

,,Tierman, ek het 'n voorgevoel dat ek dit nie lank sal maak nie. Jy het my van die wildehonde gered, maar jy kan my nie red van die dood wat ek weet my enige uur van nou af sal agterhaal nie. As jy die geheim nooit aan iemand wil toevertrou voor jou dood nie, is dit ook goed. Maar nou moet ek dit aan jou meedeel. Dit is die heilige eed wat ek as priester afgelê het, en my gees sal ná die dood nie kan verhuis na die Land van die Son nie, as ek nie aan jou openbaar waar die skat begrawe lê nie.''

Hy kyk smekend op na die swart masker. Die Luiperdman kry die primitiewe innig jammer. Hy sien dat hy bewe en dat groot trane langs sy wange afdrup.

,,Goed, Daka. Jy kan maar die geheim van die Grafte aan my bekend maak. Ek sal aandagtig luister.''

Die Jivaro skud sy hoof.

,,Jy kan nie net luister nie, Tierman. Jy moet saam met my na die heilige plek gaan, sodat jy met jou eie oë die skat van Inkos kan aanskou.''

Agter sy masker byt die Swart Luiperd sy lippe ferm opmekaar. Hy het so iets verwag en hy weet dat die priester hom vannag geen rus sal gun as hy nie eers uitvoer wat so swaar deur tradisie op sy hart rus nie.

,,Goed, Daka. Wanneer moet ons gaan?''

,,Nou, Tierman!'' roep die priester bly soos 'n kind uit en hy vryf sy hande teen mekaar. ,,Die Heilige Grafte is nie baie ver nie. Ons sal daar wees met die eerste strale van die son.''

Die Swart Luiperd stap dadelik na sy swart perd toe. Donker runnik bly en waai 'n paar muskiete van sy kruis af weg. Spikkels en Simson merk dat die Luiperdman ander dinge in sy kop het, en hulle rek hulle lank uit en stap grommend na hulle tweebeenmaat by sy perd. Anderkant die stroompie bly Daka ineengedoke maar verheug staan. Hy voel dat sy kragte hom verlaat, dat hy dit nie meer lank sal hou nie. Die Tierman weet nie van die klein pyltjie wat daar met sonsondergang vanaand skielik uit die bosse agter hom gesing en in sy skouer kom vassteek het nie. Dit was 'n pyltjie wat een van die Rivier-Indiane met sy blaasgeweer afgeskiet het. En Daka het geweet dat daardie pyltjie sterk gif aan sy punt bevat. En al het hy die pyltjie dadelik uitgetrek, weet hy dat daar genoeg

gif in sy bloed opgeneem is om hom mettertyd dood te maak. Hy kan elke oomblik voel hoe sy liggaamskragte afneem.

Hy is egter nou verheug, en toe die Swart Luiperd in die saal swaai spring hy oor die waterstroompie en hardloop strompelend in die wildspaadjie af, op pad na die graftes toe.

Die Luiperdman gee sy perd spore en haal die Jivaro gou in. Die twee gespikkelde katte spring met lang hale agterna en uiter kort gromgeluidjies om die jaguars wat dalk in die skaduwees op loer lê, te laat weet dat hulle ook slagtande het.

Toe die Luiperdman se perd vlak by Daka is, struikel die Jivaro en val teen die grond neer. Die Tierman is dadelik uit die saal en toe hy die priester optel, merk hy weer dat sy hele liggaam bewe. Daar kom nou skuim by sy mond uit.

Haastig tel Leon hom voor op die saal; klim self weer op en gee die perd spore.

,,Daka, in watter rigting moet ek ry? Ons kan gou daar wees.''

Die perd skeur deur die bosse.

,,Ry reg in die rigting waar die môrester opkom, Tierman, reg in hierdie wildspaadjie af. By die groot waterval draai jy suidwaarts na die groot bome aan die voet van die berge.''

Die Swart Luiperd buk laag op die rug van sy perd, en die dier sny deur die bosse.

,,Wie het jou agtervolg, Daka?''

,,Die Riviermanne. Hulle het my met 'n gifpyl geskiet, maar ek het dit haastig uitgetrek, maar die gif sal nou-nou sy gang gaan. Ons moet egter eers by die Heilige Grafte aankom. Ry gou, Tierman!''

Vir 'n volle twee uur hou Donker vol.

Eindelik hoor hulle die gebulder van 'n waterval. Die Luiperdman hou die perd effens in, want Donker se keel begin fluit. Hy besef dat hy die dier 'n bietjie gemoor het, en bring hom tot stilstand. Dan klim hy af en stap langs die dier.

'n Paar minute later sien hy die waterval tussen die bome deur. Voor hom in die skemerte agter die bome waarvan die blare reeds groen vertoon, troon massiewe rotsstukke die lug in. Die bosse is hier yler. In die ooste het die strale van die son wat nog agter die horison is, 'n paar vlieswolkies rooi gekleur.

Daka begin roer op die rug van die perd. Hy het met sy kop vooroor op sy bors aan die slaap geraak. Nou voel hy swak en koorsig.





,,Hier is die waterval, Tierman. Laat ek by die bulderende waters afklim. Ek sal jou na die Heilige Plek beduie, want ek sal dit nie meer lank maak nie.''

Op die wal bring die Luiperdman vir Donker tot stilstand. Hy help die Jivaro af, maar die priester kan nie meer staan nie. Hy vou inmekaar. Die eerste strale van die son streel oor die jagende waters en beskyn die vaal-geel gelaat van die verrimpelde Sonpriester.

Daka sukkel op sy knieë met sy gesig na die son, mompel hy prewelwoorde, onverstaanbare woorde vir die Luiperdman. Leon weet egter dat hy hom gewend het na die groot Vors van Lig wat die Inka-afstammelinge vir eeue reeds beskou as die bron van lewe en van dood, die bron en krag van die voor- en nasate en die krag wat beskik oor die koms van die dag en die nag.

Daka probeer dan opstaan maar kry dit nie reg nie. Hy bly dus op sy knieë en draai sy kop na die suide. Die hoë berge skiet agter die groen toppe van die bosse uit en die son skyn reeds mildelik op die hoogste pieke.

Daka wys met sy vinger na die berg en hy mompel iets oor die wit vlek wat daar hoog bo-op die kranse uitslaan. Vir kilometers ver troon regaf rotse, maar net op daardie een plek is daar 'n wit vlek, veroorsak deur 'n swerm aasvoëls wat jaar na jaar hulle kleintjies daar uitbroei.

,,Onder die wit kol sal die Tierman die reuse-boom kry. Die stam is deur die weerlig getref en hy is binnekant swart en hol, maar sy toppe bevat nog groen blare. Dit is die bewaker van die groot geheim. Ek sal nie meer tot daar saam met jou kan loop nie. Maar in die hol boomstam gaan die tonnel af na die skatte onderkant die berg. Kruip in die rigting van die . . . van die water.''

Daka snik en sy oë keer om. Die waterval bulder oorverdowend.

Donker runnik skielik en Simson en Spikkels gee 'n waarskuwende gegrom. Die Luiperdman kyk vinnig op.

Tussen die bosse deur, uit die rigting van die waterval, kruip ses byna naakte figure. Soos roofdiere kom hulle nader. Daar is iets snaaks in hulle houdings. Elkeen het 'n blinkende strydbyl met 'n kort steel in die hande.

Een druk die blare twintig tree van die Luiperdman af weg. . . en die Swart Luiperd kyk vas in die gesig van 'n Huilende Aap.